

SACAI

AFDELING C

GRAAD 12


EKSAMENRIGLYNE

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

2016

INHOUD:

1. Inleiding
2. Assessering in Graad 12
 - 2.1 Tyds- en punteverdeling
 - 2.2 Formaat van eksamenvraestelle
 - 2.2.1 Eksamens
 - 2.2.2 Kwartaaltoetse (Gewigte- verspreiding)
 - 2.3 Kontekste
 - 2.4 Gewigstoekening van Onderwerpe
3. Konteks
 - 3.1 Uitbreiding van die konteks vir Graad 12's (KABV)
 - 3.2 Bekende Onderwerpe
4. Slot



1. Inleiding

Die visie van SACAI is om 'n uitsonderlike assessering en eksamineringsdiens tot op vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (NKR) te voorsien.

SACAI is waarde gedrewe en werk tot die suksesvolle bereiking van sy visie. SACAI mik om hoë standaarde binne die relevante beleids raamwerk te onderhou terwyl dienste steeds bekostigbaar bly sodat baie institute en individuele daarby kan baat.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen in **Wiskundige Geletterdheid** geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.
- Riglyne te verskaf aan alle SACAI *Wiskundige Geletterdheid* eksaminatore sowel as interne- en eksterne moderatore.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

A. Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV):

- Kurrikulum - en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV):
Wiskundige Geletterdheid
- *The National Protocol for Assessment Grades R – 12.*
- *The National Policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement, Grades R-12*

B. Die hersiene SACAI KABV-Vakriglyn vir Wiskundige Geletterdheid (2015)

2. ASSESSERING IN GRAAD 12

2.1 Tyds- en Punteverdeling

Die onderstaande tabel toon die getal formele vraestelle geallokeer vir Graad 12. Die tabel toon die gespesifiseerde punte- en tydstoekennings vir elke vraestel soos per kwartaal verdeel.

TABEL 1: Getal kontrole- en eksamenvraestelle met punte verdeling asook tydsuur soos geallokeer vir Graad 12:

KWARTAAL	GRAAD 12	
1	Kontroletoets	
2	Vraestel 1 2 ure (100 punte)	Vraestel 2 2 ure (100 punte)
3	Kontrole toets	Kontrole toets
	Vraestel 1 3 ure (150 punte)	Vraestel 2 3 ure (150 punte)
4	Eksterne Eksamens	
	Vraestel 1 3 ure (150 punte)	Vraestel 2 3 ure (150 punte)

Belangrike nota:

Volgens Nasionale Standaard is die tyds vereistes vir elke 50 punte, 60 minute.

Opvoeders moet reeds leerders vanaf die eerste kwartaal voorberei om toetse in die spesifieke beperkte tyd te voltooi.

2.2 Formaat van die eksamenvraestelle

2.2.1 Eksamens

Die onderstaande tabel toon 'n opsomming van die verskille tussen vraestel 1 en vraestel 2:

TABEL 2: Opsomming van die verskille tussen vraestel 1 en vraestel 2

		Vraestel 1	Vraestel 2	
Intensie		Basiese Vaardigheids Vraestel: Assesseer bekwaamheid van die inhoud en/of vaardighede	Toepassings Vraestel: Om die gebruik van wiskundige en nie-wiskundige tegnieke/oorwegings van bekende en onbekende kontekse te assesseer.	
Struktuur en oorsig van inhoud en/of vaardighede		<p>Vraestel 1 bestaan uit 5 vrae.</p> <p>Vier van die vrae handel oor kontekse in die volgende onderwerpe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Finansies • Meting • Kaarte, planne en ander voorstellings van die fisiese wêreld. • Data Hantering <p>Die vyfde vraag bestaan uit geïntegreerde inhoud oor al die bogenoemde onderwerpe.</p> <p>Waarskynlikheid sal vir eksamen doeleindes binne die konteks van een of meer van die ander vrae geïntegreer wees.</p> <p>NB – Elke vraag kan wel uit meer as een konteks bestaan.</p>	<p>Vraestel 2 bestaan uit 4 of 5 vrae.</p> <p>Elke vraag handel oor kontekste waarvan die inhoud uit geïntegreerde onderwerpe bestaan, nl:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Finansies • Meting • Kaarte, planne en ander voorstellings van die fisiese wêreld. • Data Hantering <p>Waarskynlikheid sal vir eksamen doeleindes binne die konteks van een of meer van die ander vrae geïntegreer wees.</p> <p>NB – Elke vraag kan wel uit meer as een konteks bestaan.</p>	
Onder is die persentasie punte allokasies vir die verskillende taksonomie vlakke vir Graad 12 eksamens gestipuleer:				
		Vraestel 1	Vraestel 2	Totale Allokasie
Taksonomie vlakke	Vlak 1	60 % ±5%		30% ±5%
	Vlak 2	35 % ±5%	25 % ±5%	30% ±5%
	Vlak 3	5 % ±5%	35 % ±5%	20% ±5%
	Vlak 4	0	40 % ±5%	20% ±5%
Konteks		Vraestel 1 bestaan uit bekende kontekste gelys in die CAPS dokument.	Vraestel 2 bestaan uit bekende en onbekende kontekste nie beperk tot die kontekste in die CAPS dokument nie.	

2.2.2 Kwartaaltoetse (Kontroletoeitse) (Gewigte)

Die onderstaande tabel toon die korrekte taksonomievlakke:

Tabel 3: Opsomming van Taksonomievlakke:

Taksonomie Vlakke	Vlak 1– Kennis	30% ±5%
	Vlak 2 – Toepassing van Roetine proseduresse in bekende kontekste	30% ±5%
	Vlak 3 – Toepassing van multi-stap proseduresse in 'n verskeidenheid van kontekste	20% ±5%
	Vlak 4 – Redenering en Reflektering	20% ±5%

Nota: Elke kontroletoeits moet 'n Taksonomievlak-opsomming aan die einde van die memo hê, om te verseker dat formele assesserings ten alle tye aan die verwagte vlakke voldoen.

2.3 Kontekste

Wiskundige Geletterdheid help leerders om sin te maak van die wêreld om hulle en om aktiewe deelnemers te wees asook 'n sinvolle bydrae tot hul omgewing en wereld te maak. Leerders moet aspekte kan uitredeneer, besluitnemings maak, probleemoplossings kan toepas, hulpbronne gebruik, inligting ontleed, geleenthede organiseer en tegnologie suksesvol gebruik. Wiskundige Geletterdheid moet dus bestaan uit **werklike probleme**.

Om die spesifieke doelwitte van Wiskundige Geletterdheid te bereik is dit belangrik dat assesseringsitems en eksamens verkry is uit realistiese en geloofwaardige kontekste. Leerders moet gevra word om koerantartikels, werklike bankstate, werklike planne en ander geloofwaardige hulpbronne te interpreteer, eerder as om probleme uit te dink wat slegs 'n sweempie van die werklikheid bevat.

Die hoofdoel van Wiskundige Geletterdheid is om selfbesturende jong volwassenesse te skep wat aktiewe bydraende deelnemers is in hul omgewing.

2.4 Gewigstoekening van onderwerpe

Die volgende minimum gewigstoekennings word vir elke onderwerp in eksamens gestipuleer:

Tabel 4: Minimum Gewigstoekenning per Onderwerp

	Onderwerp	Gewigstoekenning (%)
Basiese- vaardighede- onderwerpe	Interpreteer en kommunikeer antwoorde en berekeninge	Geen gewigstoekenning word vir hierdie onderwerpe verskaf nie. Hulle word eerder bepaal op 'n geïntegreerde wyse in die toepassingsonderwerpe.
	Getalle en berekeninge met getalle	
	Patrone, verwantskappe en voorstellings	
Toepassings Onderwerpe	Finansies	35% ±5%
	Meting	20% ±5%
	Kaarte, planne en ander voorstellings van die fisiese omgewing	15% ±5%
	Datahantering	25% ±5%
	Waarskynlikheid	Minimum 5%

3.1 UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV)

Die onderstaande tabelle verskaf duidelikheid oor die tipe vrae, berekenings, toepassings en/of kontekste wat in die verskillende vlakke van die Wiskundige Geletterdheid-taksonomie val.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat die tabelle hieronder nie 'n omvattende of definitiewe lys van alle moontlike vrae, berekenings en/of take geassosieer met die vier vlakke van die taksonomie gee nie. Dit bevat slegs voorbeelde van 'n klein seleksie van vrae, berekenings en/of take van die verskillende onderwerpe in die KURRIKULUM wat met die verskillende vlakke geassosieer kan word.

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

ONDERWERP: FINANSIES				
AFDELING	VLAK 1: Kennis	VLAK 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap-prosedures in 'n verskeidenheid kontekste	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Finansiële dokumente en Tariefstelsels	<ul style="list-style-type: none"> * Lees inligting direk vanaf 'n elektrisiteits-rekening (bv. datum; naam van rekeninghouer; elektrisiteit verbruik vir die maand; ens. * Wys hoe die 'Totaal Verskuldig' op die elektrisiteitsrekening bereken is deur al die gelyste items op die rekening bymekaar te tel. * Wys hoe die BTW-waarde genoem op die elektrisiteitsrekening bereken is as gesê word dat BTW 14% van die waarde is uitgesluit BTW is (dit is, bereken 'n persentasie van die bedrag). 	<ul style="list-style-type: none"> * Gebruik 'n gegewe formule om te wys hoe die bedrag gevra vir elektrisiteits- verbruik op die rekening bepaal word. * Voltooi 'n tabel met waardes om die koste van verskillende hoeveelhede elektrisiteit verbruik aan te toon. * Gebruik die waardetabel om 'n grafiek te trek wat die koste van elektrisiteitsverbruik voorstel. * Vermeerdering/ Vermindering met 'n gegewe persentasie * Bereken die waarde voor BTW bygevoeg is. 	<ul style="list-style-type: none"> * Herhaal die berekenings /waardes op 'n rekening vir 'n ander elektrisiteitsverbruikwaarde. * Sonder enige ondersteunende of leidende vrae, trek 'n grafiek om die koste van elektrisiteit op 'n spesifieke elektrisiteitstelsel voor te stel. 	<ul style="list-style-type: none"> * Kies 'n geskikte strategie (bv. <i>tabelle of waardes, grafieke, interpreteringsnypunte, ens.</i>) om die elektrisiteitskoste vir twee verskillende elektrisiteitstelsels te vergelyk en neem 'n besluit oor watter stelsel die mees koste- effektief is vir 'n verbruiker met spesifieke behoeftes. * Analyseer 'n koerantberig wat voornemende verhoging in elektrisiteits- tariewe beskryf en maak afleidings oor die implikasies van hierdie verhogings vir verbruikers. * Herbereken die antwoord indien die aanvanklike toestande verander.
Inkomste, uitgawes, wins/verlies, inkomste en uitgawe state en begrotings	<ul style="list-style-type: none"> * Klassifiseer items op 'n inkomste- en uitgawestaat as vaste, veranderlike of geleentheidsinkomste en - uitgawes. * Toon hoe totale inkomste, uitgawes en wins/verlieswaardes op 'n inkomste- en uitgawestaat of begroting bepaal is. 	<ul style="list-style-type: none"> * Stel 'n inkomste- en uitgawestaat op vir 'n individu of 'n huishouding. * Stel 'n begroting op vir 'n klein huishoudelike projek. * Stel 'n begroting as toekomstige spaargeld vir beplande en onbeplande gebeurtenisse. (Kar gebreek, kind se universiteitsgelde, ens.) 	<ul style="list-style-type: none"> * Stel 'n inkomste- en uitgawestaat op vir 'n besigheid wat 'n vergelyking van die inkomste en uitgawes oor 'n twee-jaar-periode insluit. * Stel 'n begroting vir 'n groot fondsinsameling projek op. * Hersien 'n begroting indien 	<ul style="list-style-type: none"> * Ontleed 'n begroting vir 'n huishouding of besigheid en maak aanbevelings oor hoe die uitgawes moet verander word om die finansies van die huishouding/ besigheid te verbeter. * Vergelyk die inkomste- en uitgawe- waardes vir 'n besigheid of organisasie oor

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETERDHEID 2016

			<p>die omstandighede verander.</p> <p>* Stel 'n begroting op vir 'n munisipaliteit van 'n klein dorpie. (Om verantwoordelik die korrekte fondse na die verskillende afdelings van die dorpie te allokeer byv. Padwerke, waterpype, ens.)</p>	<p>'n tydperk van twee jaar om verskille en/of tendense te beskryf.</p> <p>*Analiseer geprojekteerde teenoor werklike begrotingwaardes en verduidelik verskille</p> <p>* Vermoe om verantwoordelike en onverantwoordelike allokasies binne 'n begroting te identifiseer en ingeligte voorstelle te kan maak.</p>
<p>Kosprys en verkoopsprys</p>	<p>* Bepaal die kosprys van 'n item deur die gegewe kostewaardes van die saamgestelde dele van die item bymekaar te tel.</p> <p>* Bepaal die inkomste gegeneer van die verkoop van 'n item gebaseer op die gegewe verkoopsprys en gegewe verkoop- volumes.</p> <p>* Bepaal die kostes per kilogram van bv. Tamaties en maak vergelykings tussen verskillende market om te bepaal watter opsie die mees ekonomies sal wees.</p>	<p>* Vergelyk die verskil tussen die kos- en verkoopsprys van 'n item deur die persentasie winsopslag/prysverhoging in die verkoopsprys vanaf die kosprys te bereken.</p> <p>* Konstrueer 'n waardetabel om te wys hoe die kosprys van 'n item verander afhangende van die aantal items wat gemaak word.</p> <p>* Teken 'n grafiek vanaf 'n gegewe tabel.</p> <p>* Bereken die kosprys voor BTW en wins bygevoeg is.</p>	<p>* Trek grafieke, sonder ondersteunende of leidende vrae, om die koste om 'n item te produseer en die geld wat uit die verkope verkry word, aan te dui.</p> <p>* Ondersoek, d.m.v. navorsing, die verskillende koste betrokke by die vervaardiging van 'n item, en besluit op 'n geskikte verkoopsprys vir die item.</p> <p>* Bereken wins as slegs een van die inkomstes of uitgawes gegee is en die ander nog bereken moet word.</p> <p>* Bereken die totale hoeveelheid produkte wat verkoop moet word om te verseker 'n maatskappy kan alle uitgawes dek en steeds 'n wins maak.</p>	<p>* Doen marknavorsing op 'n groep mense en gebruik die resultate om 'n spesifieke verkoopsprys van 'n produk te verdedig.</p> <p>* Interpreteer grafieke wat die koste van die produksie en inkomste gegeneer uit die produksie en verkope van die item, aandui, en gebruik die grafieke om besluite oor die besigheid te neem (bv. <i>Hoeveel items moet vervaardig en verkoop word om die produksiekoste te dek?</i>).</p> <p>* Om meer ingeligte besluite te maak wanneer inkomstes en uitgawes vergelyk word.</p>

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

<p>Gelykbreekpunt</p>	<p>* Definieer 'gelykbreek' in die konteks waarin 'n probleem gestel is (bv. <i>in die konteks van 'n besigheid, verwys 'gelykbreek' na die inkomste wat gegenereer moet word om die uitgawes te dek</i>).</p>	<p>* Bepaal die gelykbreekpunt van 'n besigheid vanaf 'n gegewe tabel van inkomste- en uitgawewaardes.</p> <p>* Wanneer twee grafieke wat sny gegee word, lees die waarde van die onafhanklike en afhanklike veranderlikes by die gelykbreekpunt van die grafieke af.</p> <p>* Om die gelykbreekpunt te bereken sou albei vergelykings vir die inkomstes en uitgawes gegee word. (Deur die twee vergelykings gelyk aan mekaar te stel)</p>	<p>* Teken twee of meer grafieke en identifiseer die snypunt van daardie twee grafieke om verskillende opsies te vergelyk (bv. <i>inkomste vs. uitgawes; selfoonkontrakopsies; elektrisiteitstarief- stelsels; ens.</i>).</p> <p>* Gegee die inkomste en uitgawe grafiek, die gelykbreekpunt asook een van die twee se formules en leerders moet die ander formule skep.</p>	<p>* Verduidelik die toepaslikheid van die gelykbreekpunt van twee grafieke in verhouding tot die probleem of konteks waarvoor die grafieke geteken is.</p> <p>* Verduidelik die betekenis van die verskillende gebiede op 'n grafiek (dit is, tussen verskillende punte of sny punte) in verhouding tot die probleem of konteks waarvoor die grafieke geteken is.</p> <p>* Herbewerk die antwoord indien die oorspronklike omstandighede verander.</p> <p>* Vermoë om besluitnemings te maak oor die toekoms van 'n klein besigheid deur die toekomstige groei en wins in ag te neem.</p>
<p>Rente, banklenings en beleggings</p>	<p>* Definieer 'rente' en 'rentekoers'.</p> <p>*Identifiseer rentekoerswaardes wat op 'n bankstaat gegee word</p> <p>*Bereken die totale kostes van 'n kitsbank (ATM) onttrekking en vergelyk die met die vasgestelde bedrag banke kliënte aanbied op 'n maandelikse staat.</p>	<p>*Doen eenvoudige renteberekenings met die hand (dit is sonder die gebruik van 'n sakrekenaar) oor verskillende tydperke.</p> <p>*Lees waardes van grafieke af wat enkelvoudige en saamgestelde belegging-scenario's aandui.</p> <p>* Bereken jaarliks saamgestelde rente.</p>	<p>* Doen saamgestelderente-berekenings met die hand (dit is sonder die gebruik van 'n formule) oor verskillende tydperke.</p> <p>* Voltooi 'n tabel wat 'n leningsscenario skets en sluit oorweging van 'n maandelikserente-berekening, maandelikse terugbetaling, en maandelikse uitstaande-</p>	<p>* Konstrueer 'n model van 'n lening of beleggingscenario sonder ondersteunende of leidende vrae.</p> <p>* Ondersoek en beskryf die impak van die verhoging van die maandelikse terugbetalings op die totale koste van die lening/belegging.</p> <p>* Ondersoek en beskryf die</p>

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

		<p>* Verhoog of verminder 'n gegewe bedrag met 'n sekere persentasie.</p>	<p>bedrag op die lening in</p> <p>* Skets grafieke van 'n gegewe waarde table om lenings voor te stel.</p> <p>* Bereken saamgestelde groei/vermindering met 'n gegewe formule.</p> <p>* Konstrueer 'n enkelvoudige rente en saamgestelde rente grafiek op dieselfde assestelsel en maak besluite vanuit die grafiek, asook die identifisering en bespreking van die gelykbreekpunt.</p>	<p>impak op die totale koste van die lening/belegging om 'n enkelbedrag-terugbetaling op 'n lening/belegging te maak gedurende die eerste helfte van die lening-beleggingsperiode.</p> <p>Herbewerk die antwoord indien nodig.</p> <p>* Maak ingeligte besluite oor watter belegging die beste toekomstige uitkomst sal bied.</p>
<p>Inflasie</p>	<p>* Definieer die term 'inflasie'.</p>	<p>* Toon deur berekening hoe die prys van 'n item kan verander as dit deur inflasie beïnvloed word (dit is, vermeerder 'n waarde met 'n persentasie).</p>	<p>* Bereken saamgestelde groei/daling/ afname</p> <p>* Bereken die koste voor inflasie bygevoeg is oor verskillende tydperke.</p> <p>* Bereken hoe inflasie 'n individueel se salaris sal beïnvloed deur te integreer met begroting.</p>	<p>* Toon, deur berekening, hoe die prys van 'n item kan verander as dit deur inflasie oor verskillende tydperke beïnvloed word.</p> <p>*Gebruik kennis van inflasiekoerse vir om ten gunste van 'n spesifieke salarisverhoging te argumenteer en regverdig dit.</p> <p>*Herbewerk 'n antwoord indien die oorspronklike toestand verander.</p>

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETERDHEID 2016

<p>Belasting</p>	<ul style="list-style-type: none"> * Identifiseer naam van die werker op 'n salarisstrokie en die maand waarvoor die salarisstrokie uitgereik is. * Identifiseer die werker se maandelikse salaris. * Verduidelik hoe die werker se 'belasbare inkomste' bepaal is met verwysing na die salaris en die aftrekkingswaardes op die salarisstrokie. * Definieer die terme 'bruto salaris', 'netto salaris', 'aftrekkings' en 'belasbare inkomste' soos op 'n salarisstrokie getoon 	<ul style="list-style-type: none"> * Lees geskikte belastingwaardes van die gegewe inkomste-belastingaftrekkingstabelle af. * Identifiseer die inkomstebelastingkerf waarin 'n individu val gebaseer op 'n gegewe maandelikse en/of jaarlikse inkomste * Bereken en vergelyk die invloed van belasting op 'n werknemer se salarisstrokie voor en na salaris verhogings. 	<ul style="list-style-type: none"> * Gebruik formules gegee oor inkomstebelastingkerftabelle om 'n individu se jaarlikse en maandelikse inkomstebelasting te bereken. * Onderzoek d.m.v. berekening hoe die belastingkortingwaarde bepaal word. * Bereken saamgestelde groei/daling/afname 	<ul style="list-style-type: none"> * Vergelyk inkomstebelastingtabelle oor verskillende finansiële periodes en verduidelik hoe 'n individu se belasting van een tydperk tot 'n volgende kan verander * Onderzoek die effek van 'n salarisverhoging op verhoogde belastingbetalings. * Analiseer grafieke wat veranderings in inkomstebelasting oor verskillende tydperke aandui en verduidelik verskille.
<p>Wisselkoers</p>	<ul style="list-style-type: none"> * Identifiseer die wisselkoers tussen twee geldeenhede vanaf 'n gegewe tabel of koersbord. * Verstaan hoe wisselkoerse bereken word. 	<ul style="list-style-type: none"> * Gebruik 'n gegewe wisselkoers om die waarde van een geldeenhede vir 'n spesifieke hoeveelheid van 'n ander geldeenhede te bepaal. * Gebruik die gegewe wisselkoers om die bedrag kleingeld aan 'n kliënt in 'n ander geldeenhede te betaal, bv 'n Toeris wat in Suid-Afrika in Euros betaal. 	<ul style="list-style-type: none"> * Doen wisselkoersberekening en neem geldeenhede-wisselkoersfooie wat deur banke en ander finansiële instellings gevra word, in ag. * Die vermoë om vir 'n vakansie oorsee te beplan met die in ag neming van wisselkoerse, belasting ingesluit sowel as integrering met begrotings. 	<ul style="list-style-type: none"> * Verduidelik hoe die 'Big Mac- indeks' gebruik kan word om die waarde van een geldeenhede in verhouding tot 'n ander geldeenhede te bepaal. * Verduidelik waarom dit nie noodwendig akkuraat is wanneer 'n Suid-Afrikaanse toeris in Amerika beweer dat 'n blikkie koeldrank wat \$2,00 (R14, 00) kos, baie goedkoper in Suid-Afrika is nie.

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

				* Vermoë om te bespreek en verduidelik wat die wisselkoers global beïnvloed.
--	--	--	--	--

ONDERWERP: METING				
AFDELING	VLAK 1: Kennis	VLAK 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige- stap-prosedures in 'n verskeidenheid kontekste	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Herleiding	<ul style="list-style-type: none"> * Herlei tussen mm, cm, m en km. * Herlei tussen g en kg. * Herlei tussen ml en liter. 	<ul style="list-style-type: none"> * Herlei van °C na °F (en omgekeerd) deur gegewe formules te gebruik. * Herlei tussen verskillende stelsels deur herleidingsfaktore te gebruik (bv. <i>herlei van m³ na liter gebruik die feit dat 1 m³ = 1 000 liter</i>). <p>Nota: Daar is baie verskillende sisteme waar herleidingsvaardighede getoets kan word, dus is dit belangrik dat leerders die herleidingsproses verstaan.</p>	<ul style="list-style-type: none"> * Herlei tussen verskillende stelsels deur herleidingstabelle te gebruik en waar nodig eers die geskikte herleidingsfaktor vanaf die tabel te identifiseer. 	<ul style="list-style-type: none"> * Vergelyk oplossings tot 'n probleem uitgedruk in verskillende eenhede en besluit oor die eenheid wat die geskikste of bruikbaarste is vir die spesifieke konteks waarin die probleem gestel is.

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

<p>Meet lengte, gewig, volume en temperature</p>	<ul style="list-style-type: none"> * Meet akkuraat met gebruik van geskikte meetinstrumente (bv. <i>liniaal; maatband; kombuis skaal; bekere; ens.</i>) * Verstaan LMI (Liggaamsmassa-indeks) tabelle en lees inligting af van die tabelle. * Bereken die hoeveelheid liters water sou 'n kraan vir 'n sekere tydperk oop gedraai bly. 	<ul style="list-style-type: none"> * Doen berekenings wat meetwaardes insluit (bv. <i>Werk uit hoeveel langer een stuk hout is as 'n ander stuk is</i>). * Gebruik van basies LMI formules en 'n konklusie daaruit aft e lei. * Bereken die korrekte temperature as 'n Westerse oond in grade Fahrenheit gegee word en leerders moet omskakel grade Celsius toe en Vica Versa. 	<ul style="list-style-type: none"> * Gebruik gemete waardes saam met ander inhoud of vaardighede om 'n groter projek te voltooi (bv. <i>meet 'n badkamer om die lopende meter mat benodig vir die vloer, te bepaal</i>). * Pas berekende waardes aan om metingsfoute en onakkuraathede as gevolg van afronding te akkommodeer. * Gegge 'n grafiek wat 'n baba en 'n jong volwassene se LMI en groei toon. Leerders moet data kana flees en konklusies maak binne die grafieke. 	<ul style="list-style-type: none"> * Neem besluite omtrent die behoefte van akkuraatheid wanneer 'n meting uitgevoer word in 'n spesifieke konteks. * Interpreteer 'n gemete waarde en neem 'n besluit gebaseer op die waarde (bv. <i>meet die temperatuur van 'n kind en besluit of die kind hospitaal toe geneem moet word</i>). * Maak ingeligte besluite t.o.v. LMI. * Vergelyk LMI grafieke van verskillende lande, tref vergelykings en bespreek moontlike redes vir die resultate.
<p>Omtrek, oppervlakte en volume</p>	<ul style="list-style-type: none"> * Definieer terme (bv. <i>'oppervlakte', 'omtrek', 'volume', 'radius', ens.</i>). * Identifiseer uit 'n lys formules gegee watter formules moet gebruik word om omtrek, oppervlakte, ens. te bereken. * Bepaal die radius van 'n sirkel uit 'n gegewe deursnee. * Weet dat oppervlakte 	<p>Bereken omtrek, oppervlakte en volume deur gegewe waardes in 'n formule te vervang.</p> <p>Beskryf die verhouding tussen inset- en uitsetwaardes in 'n tabel van data oor ruimte, vorm en meting.</p>	<ul style="list-style-type: none"> * Doen berekeninge vooraf om afmetings te bepaal wat nodig is in omtrek-/oppervlakte-/volumeberekenings en bereken dan omtrek-/oppervlaktevolume (bv. <i>As gevra word dat die volume beton nodig vir die fondasie van 'n huis bepaal moet word, interpreteer boaansig- planne van die fondasie sloot van 'n huis, gebruik die planne om die afmetings van die sloot te bepaal en bereken dan die volume van die sloot</i>). 	<ul style="list-style-type: none"> * Gebruik omtrek, oppervlakte en/of volumeberekenings om 'n projek te voltooi, waar dit nie spesifiek genoem word watter tipe berekening nodig is nie (bv. <i>As gevra word dat die hoeveelheid verf benodig om 'n gebou te verf bepaal moet word, interpreteer eers die planne om die afmetings van die mure te bepaal, bereken dan die buite-oppervlakte van die mure, gebruik dan die verherleidingsverhouding agter op 'n blik verf om die hoeveelheid liter wat nodig is, te bepaal</i>).

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETERDHEID 2016

	<p>uitgedruk word in eenhede² (bv. cm²) en volume in eenhede³ (bv. cm³).</p> <p>* Ken en gebruik formules vir omtrek, oppervlakte en volume</p>		<p>* Bereken post beperkende berekeninge nadat die omtrek, opvv en volume van 'n voorwerp bereken is,bv. Om te bereken hoevel klein albasters binne 'n volume berekende keel sal pas.</p>	
Tyd	<p>* Lees tydwaardes op 'n horlosie.</p> <p>*Herlei tussen sekondes, minute en uur.</p> <p>* Lees tydwaardes van wêreld tydlyn.</p>	<p>* Teken tydwaardes aan en doen berekeninge met tyd.</p> <p>* Bereken tye in verskillende lande deur gebruik te maak van die wêreldtydlyn-grafiek.</p>	<p>* Interpreteer tydwaardes op 'n busrooster om aankomstye, vertrektye en reistye te bepaal.</p>	<p>* Doen tydberekenings met behulp van kaarte en ander reishulpbronne om 'n reis te beplan (bv. <i>bepaal benaderde reistye, geskikte stoppunte vir ingooi van petrol, die beste tyd om 'n reis te begin om sodoende op 'n spesifieke tyd by 'n bestemming te arriveer, ens.</i>).</p>

ONDERWERP: KAARTE, PLANNE EN ANDER VOORSTELLINGS IN DIE FISIESE WERELD				
AFDELING	VLAK 1: Kennis	VLAK 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap-prosedures in 'n verskeidenheid kontekste	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Skaal	<p>* Verduidelik die betekenis van 'n gegewe skaal (bv. <i>verduidelik wat die skaal 1 : 100 beteken in terme van die afmetings op 'n plan en werklike afmetings</i>).</p> <p>* Verstaan dat 'n skaal dieselfde eenhede aan albei kante het, bv. Skaal = 1 cm:10 cm</p>	<p>* Gebruik 'n gegewe skaal om die werklike afmetings te bepaal wanneer gemete waardes, of gemete waardes vanaf gegewe werklike waardes gegee word. (<i>Bereken die afstand tussen dorpe op 'n kaart</i>)</p> <p>* Vermeerder of verminder die grootte van 'n produk,</p>	<p>* Gebruik 'n gegewe skaal saam met meting op 'n plan/kaart om lengte/afmeting te bepaal.</p> <p>* Bepaal die skaal van 'n kaart of plan.</p> <p>* Gebruik 'n gegewe skaal saam met ander inhoud of vaardighede om 'n projek</p>	<p>*Kritiseer die skaal waarin 'n voorwerp geteken is en gee jou mening oor 'n meer geskikte skaal.;</p> <p>* Besluit op 'n geskikte skaal om 'n prent te teken of bou 'n model van 'n gebou, en voltooi dan die projek</p>

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

		volume van 'n objek, ens. Deur gebruik te maak van 'n gegewe skaal.	te voltooi (bv. <i>Gebruik 'n gegewe skaal om die afmetings te bepaal waarin 'n 2-dimensionele plan van 'n voorwerp geteken moet word en teken dan die plan</i>).	
--	--	---	--	--

Kaarte	<ul style="list-style-type: none"> * Identifiseer die borde/name van nasionale paaie (bv. <i>N3</i>) waarop tussen twee plekke gereis moet word. * Identifiseer die name van die dorpe op die roete tussen twee plekke. * Identifiseer die skaal van 'n kaart. * Lees die ruitverwysing af van 'n kaart. 	<ul style="list-style-type: none"> * Identifiseer die posisie van twee plekke op 'n kaart en gebruik gegewe afstand-waardes op die kaart om die reisafstand tussen die twee plekke te bepaal. * Interpreteer 'n gegewe stel rigtingaanwysings en beskryf na watter plek die rigtingaanwysings lei. * Gee rigtingaanwysings om tussen twee plekke in 'n dorp te reis deur straatname te gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> * Gebruik 'n kaart saam met 'n afstand- tabel om die kortste roete om tussen twee plekke te reis te bepaal. * Identifiseer 'n moontlike roete tussen twee plekke op 'n kaart, meet die afstand tussen die plekke, en gebruik 'n gegewe skaal om die afstand tussen die twee plekke te bepaal. * Skat die reistye tussen twee of meer plekke gebaseer op die geskatte reis- spoed en bekende of berekende afstande. 	<ul style="list-style-type: none"> * Kritiseer 'n voorgestelde reisroete met betrekking tot afstand, geskatte reistye, ens. en stel moontlike alternatiewe roetes voor en motiveer dit. * Gebruik kaarte saam met ander reishulpbronne (bv. <i>wisselkoersinligting; afstandtafels; busroosters; ens.</i>) en finansiële inligting (bv. <i>kostetabelle; petrolpryse; ens.</i>) om 'n reis te beplan en koste te bepaal). * Neem besluite oor geskikte stopplekke gedurende die reis gebaseer op oorwegings van moegheid, petrolverbruik, reistyd, ens.
		* Identifiseer die skaal van 'n plan.	* Gebruik 'n gegewe sleutel	* Meet afmetings op 'n

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

<p>Planne</p>	<p>* Definieer terme (bv. <i>vloerplan</i>; <i>aansig-plan</i>; <i>uitlegplan</i>; <i>ens.</i>).</p> <p>* Lees die waarde(s) vanaf gegewe afmetings op 'n plan af (bv. <i>die lengte van die muur is 4 m</i>).</p>	<p>om die getal vensters/deure/kamers op 'n plan van 'n gebou te identifiseer.</p> <p>* Identifiseer op watter plan 'n spesifieke struktuur gewys word (bv. <i>Die deur word op die noordaansigplan gewys</i>).</p>	<p>plan en gebruik 'n gegewe skaal om die werklike afmetings te bepaal.</p> <p>* Gebruik planne saam met ander inhoud, vaardighede of toepassings om 'n projek te voltooi (bv. <i>interpreteer planne om die afmetings van 'n kamer te bepaal om die hoeveelheid mat nodig vir die vloer van die kamer te bepaal</i>).</p>	<p>voorgestel in 'n plan. * Kritiseer die ontwerp van 'n struktuur op 'n plan.</p> <p>* Besluit op 'n geskikte skaal waarin 'n plan geteken kan word en teken die plan.</p> <p>* Maak konneksies tussen twee planne wat verskillende aangesigte van dieselfde struktuur toon (bv. <i>verduidelik watter muur op 'n vloerplan word op 'n spesifieke kant van die aansigplan voorgestel</i>).</p>
<p>Modelle</p>	<p>* Meet die afmetings van 'n struktuur waarvoor 'n model of 2D-skets gemaak moet word.</p> <p>* Identifiseer die Voor-, Kant- en Bo-aansig van 'n 2D Model.</p>	<p>* Bou 'n model met gebruik van 'n gegewe tabel van afmetings of 'n gegewe ruitenet/ uitknipsel.</p>	<p>* Gebruik 'n gegewe skaal om die afmetings te bepaal waarin 'n model gebou moet word, maak 'n 2D-skets, en voltooi die projek.</p> <p>* Bou 'n model en gebruik die model saam met ander inhoud, vaardighede of toepassings om 'n probleem op te los (bv. <i>bou 'n model van 'n houer en gebruik die model om verskillende tipes verpakkings of rangskikkings te ondersoek; of bou 'n model van 'n houer en</i></p>	<p>* Besluit op 'n geskikte skaal waarin 'n model of 'n 2D-skets gemaak moet word, bepaal die afmetings en voltooi die projek.</p> <p>* Maak en vergelyk twee modelle van stoorspasie en materiaal gebruik en besluit watter model die beter keuse vir die verpakking van die item sal wees.</p> <p>* Analiseer 'n model en kritiseer die uitleg van die struktuur in die model getoon.</p>

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

			<i>bepaal die buiteoppervlakte en volume van die model om die hoeveelheid stoorspasie beskikbaar in die houer te ondersoek).</i>	
--	--	--	--	--

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

ONDERWERP: DATAHANTERING				
AFDELING	VLAK 1: Kennis	VLAK 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige- stap-prosedures in 'n verskeidenheid kontekste	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Ontwikkel vrae en versamel data	<p>* Lees inligting direk uit 'n gegewe vraelys /ondersoek (<i>bv. die naam van die organisasie waarvoor die vraelys gedoen word</i>).</p> <p>*Voltooi 'n gegewe vraelys.</p>	<p>* Doen 'n gegewe vraelys/opname met 'n groep mense.</p>	<p>* Besluit op geskikte vrae om in te sluit in 'n vraelys/ondersoek, konstrueer en doen die vraelys/ondersoek.</p>	<p>* Kritiseer die vrae/uitleg van 'n vraelys/ ondersoek.</p>
Klassifikasie en organisering van data	<p>*Sorteer data van klein na groot.</p> <p>*Tel die aantal waardes in 'n datastel.</p> <p>*Verduidelik die verskil tussen kategorieese data en numeriese data; diskrete en kontinue data.</p> <p>*Lees inligting vanaf frekwensietabelle.</p>	<p>* Sorteer data volgens in twee kategorieë (<i>bv. sorteer 'n stel data vir vrouens en mans apart</i>).</p> <p>* Voltooi 'n gegewe frekwensietabel.</p> <p>* Bereken persentasiewaardes om die relatiewe groottes voor te stel van verskillende kategorieë van data.</p>	<p>* As 'n rou stel data gegee word, sorteer die data; besluit op geskikte intervalle (indien nodig) en konstrueer 'n frekwensietabel om die data te organiseer. Indien nodig, gebruik die frekwensietabel om 'n geskikte grafiek te teken wat die data voorstel.</p>	<p>* Maak afleidings oor of die ingesamelde inligting bevooroordeeld of geldig is gebaseer op die struktuur van die instrument wat gebruik is om die data te versamel en die manier waarop die data versamel is.</p> <p>* Verduidelik met motivering of data diskreet of kontinue is.</p> <p>* Analiseer data wat in tabelle georganiseer is en maak afleidings rakende die tendense in die data.</p>
Meting van Data/ opsomming van Data	<p>* Identifiseer die maksimum en minimum waardes in 'n datastel.</p> <p>* Identifiseer die modus vir geordende data.</p> <p>* Identifiseer die mediaan</p>	<p>* Bereken gemiddelde en variasiewydte/omvang.</p> <p>* Bereken die mediaan vir ewe data.</p> <p>* Bereken die mediaan as die data is nie georden is nie.</p>	<p>* Bereken die gemiddelde, mediaan- en modale gemiddeld vir 'n datastel en besluit met redes watter gemiddeld die mees korrekte voorstelling van die data is.</p> <p>* Gebruik data wat op 'n</p>	<p>* Analiseer mates van sentrale neigings/tendense en verspreiding en maak afleidings oor die tendense in die data.</p> <p>* Interpreteer tabelle en grafieke wat persentiel-</p>

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

	vir onewe data wat reeds georden is.	<ul style="list-style-type: none"> * Bereken die kwartielwaardes vir geordende data. * Bereken die interkwartielvariasiewydte wanneer kwartielwaardes gegee word. 	<p>grafiek voorgestel is om die gemiddeld, mediaan, modus en omvang van 'n datastel te bepaal.</p> <ul style="list-style-type: none"> * Bereken die kwartielwaardes vir data wat nie georden is nie. * Bereken die interkwartielvariasiewydte as die kwartielwaardes nie gegee is nie. 	<p>/kwartielwaardes voorstel en verduidelik wat daardie waardes voorstel met betrekking tot die scenario wat in die tabel/grafiek voorgestel word.</p> <ul style="list-style-type: none"> * Vergelyk mates van sentrale neigings/ tendense en verspreiding vir twee of meer stelle data en gebruik hierdie mates om die verskille tussen twee stelle data te verduidelik.
Voorstelling van Data	*Lees waardes direk vanaf die waardes wat op grafieke gegee word.	<ul style="list-style-type: none"> *Teken 'n spesifieke grafiek vanaf 'n gegewe datatabel. *Benader of skat waardes vanaf gegewe grafieke. 	<ul style="list-style-type: none"> * Organiseer data met gebruik van 'n geskikte tabel, besluit op die geskikste formaat vir die voorstelling van die data (dit is, werklike waardes of persentasies), en besluit op die geskikste grafiek nodig om die data op voor te stel. 	<ul style="list-style-type: none"> * Analiseer grafieke en maak afleidings oor tendense in die data en voorspellings vir die toekoms. * Identifiseer en beskryf die gebruik en misbruik van statistiek en maak gemotiveerde aanbevelings.

ONDERWERP: WAARSKYNLIKHEID				
AFDELING	VLAK 1: Kennis	VLAK 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige- stap-prosedures in 'n verskeidenheid kontekste	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Uitdrukkings van waarskynlikheid/ Voor-spelling	<ul style="list-style-type: none"> * Identifiseer die persentasie kans vir reën vir 'n spesifieke dorp uit 'n weerberig in 'n koerant. * Verduidelik die 	<ul style="list-style-type: none"> * Druk die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis uit deur breuke, persentasie en desimale notasie te gebruik. * Identifiseer alle moontlike 	<ul style="list-style-type: none"> * Doen 'n eksperiment om die eksperimentele waarskynlikheid van 'n gebeurtenis met die teoretiese waarskynlikheid te vergelyk 	<ul style="list-style-type: none"> * Analiseer 'n tabel met reënvaldata vir 'n dorp en maak voorspellings oor die kans vir reën in daardie dorp gedurende 'n spesifieke maand van die jaar

EKSAMENRIGLYNE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID 2016

<p>Beoordeel waarskynlikheid</p>	<p>betekenis van terme geassosieer met waarskynlikheid (bv. gebeurtenis; uitkoms).</p>	<p>uitkomste vir 'n spesifieke gebeurtenis (bv. Gooi 'n dobbelsteen; dobbelspeletjie) * Verduidelik of 'n spesifieke reënval- voorspelling 'n mindere of meerdere kans aandui dat reën sal val of nie.</p>	<p>* Identifiseer geskikte waardes uit 'n gegewe tabel van datawaardes (bv. oor noodlottige motorongelukke in SuidAfrika) en druk die waarskynlikheid uit van sekere gebeurtenisse in die tabel aangedui.</p> <p>* Ontwerp 'n speletjie wat waarskynlikheid insluit en speel die speletjie met 'n ander leerder in die klas.</p> <p>* Ontwerp eenvoudige gebeurlikheidstabelle en gebruik dit om waarskynlikheid te bereken.</p> <p>* Teken boomdiagramme en gebruik dit om waarskynlikheid te bereken</p>	<p>* Verduidelik of die stelling 'as ek dieselfde loterynommers elke week speel, sal dit my kans om te wen, verhoog' sin maak. * Kritiseer die gebruik van verwysings na waarskynlikheidwaardes in koerant- artikels.</p> <p>* Analiseer 'n tabel wat risikoassesseringprofiel vir mense van verskillende ouderdomsgroepe aandui en verduidelik hoekom spesifieke ouderdomsgroepe as hoër risiko's as ander geklassifiseer is.</p> <p>* Analiseer 'n speletjie wat waarskynlikheid insluit en maak 'n afleiding oor die regverdigheid van die speletjie.</p>
---	--	--	--	--

3.2 Bekende Onderwerpe

'N PAAR BEKENDE ONDERWERPE		
FINANSIES	Finansiële dokumente en tariefstelsels	Huishoudelike rekeninge; inkopiestrokies; bankdokumente; huishoudelike begrotings Dokumente met betrekking tot die werksplek en 'n kleinbesigheid-finansies Dokumente met betrekking tot nasionale/internasionale en meer komplekse finansiële onderwerpe Munisipale tariewe, foontariewe; vervoertariewe – twee of meer vergelykings
	Inkomste, uitgawes, wins/verlies-, inkomsteen uitgawestate en begrotings	Klein besigheid – brood bak, snoepwinkel, straatverkoper, vlooiemarkstalletjie, selfoonhouer, tuindienste, verf, karwas, spyseniering, crèche; Persoonlike inkomste en uitgawe Besigheid en/of werkplekinkomste en -uitgawes Inkomste en uitgawes vir groter organisasies
	Kosprys en verkoopprys	Klein besigheid – brood bak, snoepwinkel, straatverkoper, vlooiemarkstalletjie, selfoonhouer, tuindienste, verf, karwas, spyseniering, crèche;
	Gelykbreek analise	Klein tuisnywerheid Klein sake Bestaansboerdery Tariefstelsels – elektrisiteit, telefoon, huuropsies, ens Rente vergelykings – Beleggings, inflasie, oorspronklike waarde en waardevermindering vergelykings bv. Voertuie, fietse, ens.
	Rente, banklenings en beleggings	Huurkooporeenkomste en lenings Beleggings – vastedepositorekenings Bankrekeninge met 'n veranderende balans Ander beleggings – aftree-annuïteite, begrafnisplanne, ens. Alle bankonderwerpe – kredietkaarte, lenings, ens.
	Inflasie	Invloed van inflasie op persoonlike/huishoudelike-, sake- en globale finansiële aktiwiteite Inflasie impak op die waarde van bv fietse. (verlede, huidig en toekomstig)
	Belasting	BTW, WVF, Persoonlike Inkomstebelasting Waarde voor BTW bygevoeg is en nadat BTW bygevoeg. WVF, Persoonlike Inkomste Belasting.
	Wisselkoerse	Beplan reise/vakansies in ander lande Werk met wisselkoerse binne 'n klein besigheid

'N PAAR BEKENDE ONDERWERPE		
METING	Herleidings	Huishouding, skool en breër gemeenskapprojekte – bak, kook, spyseniering, geboue, ens.
	Meet lengte, massa volume en temperatuur	Huishouding, skool en breër gemeenskapprojekte – bak, kook, spyseniering, geboue, ens.
	Omtrek, oppervlakte en volume	Huishouding, skool en breër gemeenskapprojekte – bak, kook, spyseniering, geboue, Pizza hut, Braaier, Kombuiskaste, Boekrakkes, Water tregte.
	Tyd	Huishouding, skool en breër gemeenskapprojekte – bak, kook, spyseniering, geboue, ens.
	Kaarte en Skale	Kaarte wat die volgende toon:

		<ul style="list-style-type: none"> • Sitplekplan en/of uitleg van 'n klaskamer • Die uitleg van die geboue en/of sportvelde by 'n skool • Die uitleg van die winkels in winkelsentrums • Sitplekplanne in teaters en sportstadions, eksamens, troues, matriekafskeid, ens • Straatkaarte met en sonder 'n ruitverwysing • Nasionale en provinsiale paaie en spookkaarte • Strookkaarte wat afstand op 'n gedeelte van die pad toon • Hoogtekaarte – bv. Comrades-marathonroete • Residensiële of behuisingskomplekse
	Planne	Instruksies & aanmeekaarsit-diagramme met woorde en/of foto's Ook al die kontekste wat in Kaarte en Skale gedek is Aansigte van huise, skole en ander geboue – Voor-, Bo- en Kant-aansigte.
	Modelle	Verpakkingshouers – vrugtesapboksies, sjokoladedose, ens. Pizza hut, Braaier, Kombuiskaste, Boekrakkes, Water tregte.

'N PAAR BEKENDE ONDERWERPE

DATAHANTERING	Klassifisering en organisering van data	Toets- en eksamenuitslae Skoolsportuitslae Nasionale en Provinsiale:
	Opsomming van data	<ul style="list-style-type: none"> • Gesondheidstatistieke • Onderwysstatistiek • Ongelukke • Bevolking
	Voorstelling van data	Historiese inflasie en/of wisselkoersdata Groei-kaart vir babas en kinders

'N PAAR BEKENDE ONDERWERPE

WAARSKYNLIKHEID	Uitdrukkings van waarskynlikheid/voorspelling/Evalueer uitdrukkings van waarskynlikheid	Speletjies met muntstukke en dobbelstene Weervoorspelling Swangerskaptoets/dwelmttoets Nasionale lotery dobbelstenoensies – PowerBall, muntoutomate, ens. Risikobooroordeeling – versekering Koerantberigte Newspaper articles Sport match outcomes
------------------------	--	--

4. SLOT

Hierdie eksamenriglyndokument is bedoel om gebruik te word as rigtingwyser en hulmiddel wanneer Gr 12 Wiskundige Geletterdheid onderrig word. Dit is nie 'n plaasvervanger vir die Hersiene SACAI KABV-Riglyndokument (of die DBE se KABV-dokument) wat onderwysers moet gebruik in hulle onderrig nie.

Kwalitatiewe dekking van die sillabus bly altyd noodsaaklik en kan nie genoeg beklemtoon word nie.